

29 Desember

Openbaring

13:11-18

(Teks: 13:18) 666

As 'n mens aan die einde van 'n jaar jou gedagtes laat gaan oor die kerk en wêreld, dan sien jy duidelike tekens van toenemende anti-christelike bedrywighede soos die verloëning van Christus, die minagting van die dag van die Here en die verwerping van God se Woord en sy gebooe.

Die getal 666 waarvan Openbaring 13:18 melding maak, is die getal van die Antichris. As Johannes sê: "Hier kom die wysheid te pas" dan sê hy vir ons dat die oplossing van hierdie getalswaarde beslis nie maklik is nie. In die verlede is daar al baie pogings aangewend om volgens hierdie getal persone as die Antichris uit te wys. Die Romeinse Keiser Domitianus is aangewys en later ook Adolf Hitler en andere, wat uiteindelik geblyk het nie die Antichris te wees nie.

Soos die ander getalle in Openbaringe moet ons hierdie getal ook simbolies verstaan.

Die getal 6 is die getal van die mens. Die getal 7 is die getal van God. En al word die 6 ook 666, dan kan dit nog steeds nie 7 word nie.

Al doen die Antichris dan ook wonders in die lug waardeur hy baie mense verlei, kan hy nooit "God" wees nie. Die gelowige wat nie die merk of die naam of die getal van die Antichris op sy hande of voorhoof het nie, sal nie kan koop of verkoop nie en dit voorspel moei-like dae vir ons.

Ons hoef egter nie bevrees te wees nie, want onse God is almagtig. Hy sal die tydperk van lyding verkort en die Satan met al sy handlangers waaronder ook die Antichris in die poel van vuur werp.

Sing Skrifberyming 31:1 en 3 Ds. P.A. Smit (Emeritus)